

Ons huldig

Boerevolk – die Geloftedolk



Ons staan op die vooraand van die herdenking van die uitbreek van Die Engelse Oorlog op 10 Oktober 1899. Dit is 111 jaar gelede. Dit is ook die geboortedatum van wyle president Paul Kruger. Die twee datums staan in vlamme geskryf en wie Boer wil wees, kan nie wegkom van die intense magiese krag van hierdie twee gebeure in ons volkslewe nie. Vir hulle wat gehoop het dat die Boerevolk en sy president uit die geskiedenisboeke weggevee kon word, het die Voorsienigheid dit so beskik dat die aartsvyand van die Boerevolk, die Britse Empire, Kruger se geboortedag vir ewig in Bloed sou onderstreep met die aanvang van daardie oorlog en die onmenslike wreedhede daarvan.

Voor die uitbreek van die Oorlog, het die beleerde president vir die aarts-imperialis, Alfred Milner op 31 Mei 1899, gesê: “Dit is nie stemreg wat julle wil hê. Julle wil my land hê.” Kruger se land was die Transvaal.

Terwille van goud moes Transvaal en daarmee saam, die Vrystaat, totaal vernietig word en in die proses 27 000 kinders en vrouens vermoor word. Dit was ‘n uit-wissingsoorlog met die doel om ‘n klein volkie te vernietig en van die aarde af te vee. Vandag is daar ander magte wat dit weer probeer.

Kruger het as banneling in die vreemde sy oë gesluit omdat hy, soos hy gesê het: “Gebore onder die Engelse vlag, is ek nie van plan om daaronder te sterf nie.”

Sy stryd was ‘n ontsettende stryd ook onder sy eie mense omdat party die makliker pad van paaipolitiek wou volg en van ons eie mense daadwerklik met die vyand gaan saamwerk het. As gevolg van daardie paaipolitiek het ons Boere steeds nie ons Vryheid op ons grondgebied nie.

Ons is al as gevolg van die paaipolitiek, in die Unie van Suid-Afrika ingesleep en in die Nasionale Party se kortstondige veelrassige Republiek van 1961-1994, vasgepleister. Daardie republiek was niks anders as ‘n Afrikaner republiek nie. ‘n Totaal nuwe skep-ping wat op geen manier die Boere kon bevredig nie. Dit het die Boere-republieke ingesluk en daarmee saam ook grondgebied wat nooit aan ons behoort het nie. Dit kon nie hou nie en het daarom tot niet

gegaan. Nietig gemaak deur die einste skeppers van hierdie tragedie. Maar die grootste tragedie is dat ons Boere mede-pligtiges gemaak is van hierdie bedrogspul.

Goddank, onder ons mense kom daar roeringe en het die Boerevryheidsgedagte ontkiëring bereik. Maar daarmee saam het die maklike uitweg van die paaipolities ook weer sy kop uitgesteek. Mense wat iets anders as Boer wil wees en allerhande konstruksies en praksasies aan die gang probeer kry met Volkstatjies en plakkers-kampies op ons grondgebied.

Dit kan nie werk nie. As iemand hom iewers in die Noord-Kaap wil gaan vestig is dit sy goeie reg. Dit moet egter nie vertolk word as 'n stap na Vryheid van die Boerevolk nie. Dit is nie.

So ook die sogenaamde Afrikanervolksbeweging wat selfs met godsdienstige strikke van verootmoediging en eenheid weer almal – ook die Boerevolk – wil saamsleep na 'n nuwe Utopia onder die leuen dat die Afrikanervolk en Boerevolk dieselfde is. Dit is so goed om vir die ou-Testamentiese Israeliet te sê hy is 'n Jood. Die verdraaiing van die geskiedenis met die oog op doelbewuste misleiding is 'n misdadige en net onkundiges kan dit glo.

Daar kan nie 'n volk bestaan SONDER GRONDGEBIED NIE en as die Afrikaners 'n volk was, was dit kortstondig vanaf 1961 tot 1994. Hulle is die nuwe plakkers wat met enigiets tevrede sal wees anders as die Boererepublieke wat in elk geval die enigste grondgebied is waarop ons kan aanspraak maak. Met so 'n stap speel hulle reg in die hande van die vyand. Hulle trefwydte is van heel links tot verregs en hoe op aarde hulle enigeen gaan oortuig van wie, wat verteenwoordig, moet nog gesien word.

Ons Boerevolk se vertrouwe is op Hom wat ons eenkeer uit Egipte gelei het deur die Woestyn, wat ons eenkeer oor die berge gelei het na Vryheid en wat ons weer uit hierdie moeras van vermenging en knegskap sal lei. Daarom durf ons nie verblind word deur die klatergoud van groter getalle en ons laat mislei om enigiets anders as die ware herstel van die twee Boere-republieke te aanvaar nie.

Daarom pleit en bid ons vir almal wat wil besin en huldig, vir diepgaande self-ondersoek om uit te kom by die sieldeursoekende vraag van wie is ons en waarheen is ons op pad is.

Ons is kinders van Kruger. Ons berge basuin die boodskap van ons Vryheid uit want vryer as die arendsvlug, die vlugte van ons gees, die winde fluister in ons ore dat ons nie knegte kan wees nie. Selfs die kluitklap op ons kiste verkondig steeds dat ons 'n vrye volk is. Ons is net knegte van die Allerhoogste maar teen die hele wêreld vry.

Sterkte vir u.

Opgestel en uitgegee deur Piet Rudolph namens die Aksiekomitee Orde Boerevolk.

E-pos: piet.rudolph@gmail.com

[9 Oktober 2010, ed]